

Die volgende is 'n Werkkaart soos voorsien deur die VAW.

Voltooi hierdie Werkkaart oor Desimale Breuke.

Dit is 'n nuwe tema wat nog nie in die klas behandel is nie. Let wel: Jy het alreeds Desimale Breuke in Graad 7 behandel. In Graad 8 bou ons net op dié fondasie.

Skryf asseblief die teorie met voorbeelde eers af in jou boek en voltooi dan die Oefening Werk ook deur TEMA 14 in jou handboek – Lees deur die teorie en werk deur die voorbeelde.

Opskrif:

Desimale breuke

Werkkaart 1: Tel, vergelyk en rangskik desimale breuke

1. Rye:

Voorbeeld 1: Skryf die ry oor en vul die ontbrekende getalle in.

0,7;; 0,52; 0,43;;; 0,16;



$$0,52 - 0,43 = 0,09$$

Stap 1: Werk die konstante verskil uit : hier is dit $-0,09$

0,7; 0,61; 0,52; 0,43; 0,34; 0,25; 0,16; 0,07

Stap 2: maak seker die terme van ry volg op mekaar met die konstante verskil

Voorbeeld 2: Skryf die volgende ry van 10 getalle neer.

'n Ry wat by 0,85 begin en interval van 0,34 het.

0,85; **1,19; 1,53; 1,87; 2,21; 2,55; 2,89; 3,23; 3,57; 3,91**

Hier tel ons elke term met 0,34 om die volgende term te kry.

2. Vergelyk desimale breuke.

Voorbeeld 1: Vergelyk die volgende 2 getalle:

0,67891 en 0,67981

$$0 = 0$$

$$0,6 = 0,6$$

$$0,67 = 0,67$$

$$0,678 < 0,679$$

d.w.s.

$$0,67891 < 0,67981$$

Voorbeeld 2: Rangskik die volgende desimale breuke in stygende volgorde:

0,8; 0,88; 0,08; 0,080; 0,088

0,088; 0,088; 0,08; 0,8; 0,88

Voorbeeld 3: Dit is belangrik om daarop te let dat jy SOORTGELYKE hoeveelhede moet vergelyk. 'n Volume water in liter, kan nie bloot net vergelyk word met 'n volume water in milliliter nie. Albei volumes moet of in liter of in milliliter wees. Dus moet jy somtyds eers 'n herleiding doen alvorens die desimale breuke vergelyk kan word.

Vergelyk 2,3451 kg met 2 345,12 g. Watter massa is die grootste?

Die getalle wat vergelyk word, het twee verskillende eenhede. Dit moet dus na dieselfde eenheid herlei word.

$$2,3451 \text{ kg} = 2 345,1 \text{ g}$$

Vermenigvuldig met 'n 1000 om kg in g om te skakel.

$$2345,1\textcolor{red}{0} \text{ g} < 2,34512 \text{ g}$$

OF

$$2 345,12 \text{ g} = 2,34512 \text{ kg}$$

Deel met 'n duisend om g te herlei na kg.

$$2,34512 \text{ kg} > 2,3451\textcolor{red}{0} \text{ kg}$$

3. Ronding:

Rond die volgende 0,675 af tot 2 desimale plekke

0,6⁷56

- Wanneer ons 'n desimale getal tot 'n sekere aantal desimale plekke wil afrond, kyk ons na die plekwaarde regs van hierdie plek.
- As die waarde tussen 0 en 4 is, word ondertoe afgerond
- As die waarde tussen 5 en 10 is, word boontoe afgerond

$$0,6756 \rightarrow 0,68$$

Die 5 verander die 7 na 'n 8 want ons rond af boontoe

Oefening:

1. Skryf die rye hieronder oor en vul die ontbrekende getalle in:
 - a) 0,7; ; 0,63; 0,595; ; 0,525; ;
 - b) ; ; 7,75; ; 7,842; 7,884;
2. Skryf die volgende rye van 10 getalle neer.
 - a) 'n Ry wat by 0,76 begin en intervalle van 0,54 het.
 - b) 'n Ry wat by -1,861 eindig, en intervalle van 0,42 het.
3. Vervang die * met <, > of =

a) 0,87 * 0,887	c) 0,0999 * 0,1
b) -0,65 * -0,665	d) 0,85 * -0,85
4. Rond die volgende desimale breuke tot 2 desimale plek af.

a) 0,876	c) 0,983
b) 0,345	d) 0,999
5. Jy het twee melkbekers wat ongeveer dieselfde vorm en grootte is. Die een is 1 850,5 ml gemerk en die ander een is 1,8051 ℓ gemerk. Watter een van die bekers hou die grootste volume melk?